

Agt visioene (1-6)			Vier boodskappe (7-8)	Twee voorspellings (9-14)	
Oproep tot berou	Agt visioene	Kroning van Jesua	Vraag oor vas	Messias verwerp	Messias regeer
Tydens heropbou van die tempel (520-518 vC) in Jerusalem				Na heropbou van tempel (480-470vc)	
Boeke in dieselfde tyd: Haggai en Esra 1-6				Ester, Esra 6-10 en Nehemia	

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	Sag 1	Sag 1-2
Di	Sag 4	Sag 3-4
Wo	Sag 5	Sag 5-6
Do	Sag 7	Sag 7-8
Vry	Sag 9	Sag 9-10
Sat	Sag 11	Sag 11-12
Son	Sag 13	Sag 13-14

Sagaria het sy boodskap van die Here ontvang. Hy gebruik die woorde "So sê die Here" tussen 80 en 90 keer. Baie uitsonderlik was dat hy beide 'n profeet en priester was – 'n voorbereiding om te verstaan dat Christus ook profeet Profeet en Priester was.

Die boek Sagaria is bekend vir sy agt gesigte in hoofstukke 1-6. Na die agt gesigte volg 'n simboliese handeling. God beveel Sagaria om 'n kroon van silwer en goud te maak waarmee Josua (die hoëpriester) gekroon moet word. Dit het gedui op die koninklike en priesterlike eienskappe van die komende Messias.

Sagaria se antwoord oor vasdae is vierledig:

1. Hulle moet afsien van inhoudlose gebruike (7:4-7)
2. Hy herinner hulle aan ongehoorsaamheid in die verlede (7:8-14)
3. Hy gee 'n boodskap van herstel van Israel (8:1-17)
4. Hy voorspel die herstel van vreugde in die koninkryk (8:18-23)

'n Omvattende uitbeelding van die Messias word gegee. Hy voorspel Jesus se intog in Jerusalem op 'n donkie. Hy voorspel ook die verwerping van die Goeie Herder en dat Hy teen dertig silwerlinge gewaardeer sou word en dat die geld later in die pottebakker se besit sou wees. Hierdie voorspellings is alles in Jesus se lewe vervul. Hy voorspel ook die wederkoms en dat reiniging deur die Messias sou plaasvind. Hy sal oor die hele aarde regeer.

Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie (Sag 9:9)

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Agt gesigte (Sag 1-6)

Julle moet julle na My bekeer,
dan Sal ek weer na julle terugkeer. (Sag 1:3)

Die ruiters en perde leer die volk vertrou:
God sal Jerusalem en die tempel herbou. (Gesig 1)

Die ambagsmanne kom na die horings aan.
So word die volk se verdrukkers verslaan. (Gesig 2)

Die maatlyn vir die stad se muur:
God beskerm rondom soos vuur! (Gesig 3)

Die hoëpriester, 'n teken van iets wat kom:
My dienaar, Loot, noem hul Hom. (Gesig 4)

Die oliebak, olyfbome en kandelaar,
het die Gees se teenwoordigheid verklaar. (Gesig 5)

'n Reuse boekrol het in die lug gesweef:
Vervloeking waarvoor die dief moet beef. (Gesig 6)

'n Mandjie met lood toegehou:
Binne in sit die goddelose vrou! (Gesig 7)

Die perde en die wa
Bring oordeel en gekla. (Gesig 8)

Gelouter soos goud in vuur (Sag 12-14).

Ek bring 'n gees van berou.
Hulle sal dan wel onthou.
Oor My dood sal hul treur,
en besef ek is die Heer!

Gelouter soos goud in vuur,
so reining ek jul in dié uur.
Ek sal jul gebede verhoor,
en julle sal jul vuilheid verloor.

Jul kom nou net uit ballingskap terug,
maar hoor hierdie harde berig:
Die dag van die Here kom -
plunder, verkragting – die hele som!

Maar jy hoef nie te vrees,
die hemelwesens sal by jou wees!
Ja, jou Koning kom weer,
wanneer, weet net die Heer!

Ja, Ek bring die berig,
van dan af is dit altyd lig!